**Woensdag 18 Maart**
**Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-6**
**Fokusgedeelte: Jeremia 31:3**
**Ek het jou nog altyd liefgehad en met geduld verdra**

Jeremia skryf oor die herstel van verhoudinge, by name oor die herstel van die onderlinge verhouding tussen die verskillende stamme van Israel. Hierdie herstel vloei voort uit die herstel van hulle verhouding met God.

Die dieper sin en kernwaarheid hiervan is dat versoening tussen mense alleen moontlik is as daar eers versoening met God is. Johannes skryf (1 Joh. 4:20): *“As iemand sê, ‘Ek het God lief,’ en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.”* God neem die inisiatief om versoening te bewerk. Dit vloei voort uit God se liefde. Aan Israel sê Hy (vs 3b): *“Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra.”* Skerp hierdie woorde by jou in. Leef elke dag in die wete en geloof dat God ook aan jou sê: “Ek het jou nog altyd liefgehad.” Maar nie net vir jou nie. Dieselfde waarheid geld ook ten opsigte van jou medemens. As God hom/haar langs my liefhet, wie is ek dan om hom/haar te haat en nie lief te hê nie? God se ewige liefde voeg enorme waarde tot die lewe toe. Wat ’n verheffende gedagte! Dit gee adellikheid aan my en my medemens se bestaan.

Daarby word ook nog God se “geduld” toegevoeg. Die Here sê op grond van sy liefde (vs 3b): *“... daarom het ek jou met geduld verdra.”* Ja, God se geduld met die sondaar is oneindig, omdat sy liefde vir die sondaar oneindig is. Laat hierdie liefde van God ook die fontein van jou geduld met jou medemens wees!

*Sing: Psalm 116:1-3, 7*
*Dagstukkie Almanak 2006*